**Huiswerkvel 2 (Hoofstuk 1)**

**Lees die teks, *Om te groet.***

***Om te groet***

*Om te groet kan soveel verskillende betekenisse hê ... Ons kan mekaar groet of hallo sê wanneer ons mekaar vir die eerste keer die oggend by die skool ontmoet, maar ons kan mekaar ook groet of tot siens sê aan die einde van die dag wanneer ons mekaar verlaat. Groet kan dus hallo of tot siens wees.*

*Groet kan ook beteken om afskeid te neem van iemand: "Ons groet vandag ons geliefde kollega en vriend ..."*

*Daar is verskillende figuurlike betekenisse wat ook gebruik kan word, soos: Ek het die dag met nuwe entoesiasme gegroet! Ek groet die toekoms wat vir my wag.*

*'n Vriendelike groet van 'n ander persoon kan sommer dadelik die dag vir jou ophelder – veral as dit daardie baie spesiale persoon is wat jy so graag wil hê moet jou raaksien. Kom ons doen moeite om mekaar vriendelik te groet; dit kan die wêreld net 'n beter plek maak.*

**Maak nou 'n opsomming**

Gebruik die teks *Om te groet* en som die hoofgedagtes in SEWE sinne op. Skryf dit PUNTSGEWYS neer. Nommer die sinne van 1 tot 7.

Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

Hierdie bladsy mag gekopieer word.